

Sing vooraf staande: Psalm 33:1 (p. 157)

- 1 Sing vrolik, hef die stem na bowe; / regverdiges, verhef die HEER!
Dit pas opregtes God te lowe / en uit te jubel tot sy eer.
Laat die psalmgesange – / stem van sterk verlange / om die HEER te dank –
by die smeltendskone / harp- en sitertone, / liefde en lof verklank!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofsang: Skrifberyming 2-4:1 (33:1)

- 1 Wat 'n liefde en volheidslewe, / waar ons bly ons in beroem,
het die Vader ons gegewe / dat Hy ons sy kinders noem!
Maar die wêreld weet van dié / wat uit God gebore is, nie,
het die kennis van die Heer nie / as hul hoogste goed begeer nie.

Geloofsbelijdenis: Apostolicum

*Na die wet bely ons voor God ons sondeskuld en bid vir vergewing van ons sondes met
Psalm 130:2 (p. 635)*

Wet

Psalm 130:2 (p. 635)

- 2 As U, o HEER, die sonde / na reg wou gadeslaan,
wie sou een enk'le stonde / voor U, o HEER, bestaan?
Maar nee, daar is vergewing / altyd by U gewees;
daarom word U met bewing / reg kinderlik gevrees.

Gebed

- *Doksologie:*
- *Aanbidding:*
- *Skuldbelydenis:*
- *Vergifnis:*
- *Dank:*
- *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk,
owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:*
- *Algemene bede:*
- *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*

Amen.

Doop: Wouter Jacobus du Plessis

Tydens die doop sing die gemeente Psalm 105:5

- 5 Die HEER wat van geen wankel weet nie, / sal nimmer sy verbond vergeet nie;
al sy beloftes bly van krag / tot in die duisendste geslag.
Verbond met Abraham, sy vrind, / bevestig Hy van kind tot kind.

Nadat die doop afgehandel is, sing die gemeente Psalm 146:6 (p. 701)

- 6 Dis die HEER se mededoë / wat die blinde oog verlig;
wie in stof lê neergeboë, / word deur Hom weer opgerig.
Hy bemin die wat opreg / wandel in sy woord en weg.

Skriflesing: 1 Korintiërs 13

Teks: 1 Korintiërs 13:13

**En nou bly geloof, hoop, liefde - hierdie drie; maar die grootste hiervan
is die liefde. (1 Korintiërs 13:13 AFR53)**

... maar die grootste hiervan is die liefde.

Ons is Christene by wie daar nog soveel goeie dinge ontbreek.

- Die apostel Paulus skryf hier dat die liefde, saam met die geloof en hoop, die eintlike inhoud en grond is van die christelike lewe.
- Ons sê mos ook dat ons in Christus “gewortel” is!

Maar die sonde het ook sy invloed op hierdie geestelike besittings van ons uitgeoefen, en nou het die dinge al so gebeur dat ons die slegte gewoonte aangeleer het om baie van liefde, of oor liefde, te praat, maar ons het die vermoë verloor om werklik lief te hê.

Dis een ding om oor die teorie van liefhê te praat, en dis totaal ’n ander ding om te kan liefhê.

- Baie van ons is so dat as ons enige moeite vir ander mense moet doen, ons dadelik beswaard is.
- Ons het dadelik honderd verskonings waarom ons nie daarvoor kan instaan vir enige iets wat ons moet opoffer nie.
- Ons meet ons liefde aan wat ons ontvang, maar nie aan wat ons gee nie.
- Ons is – om eerlik te wees – nie sommer bereid om ander mense altyd in aanmerking te neem vir hulle omstandighede nie omdat ons eie lewe en ons eie belange heeltemal op die voorgrond staan.

As ons werklik oortuigde Christene is, moet ons lewens die tekens van ware liefde vertoon – teenoor God en teenoor ons naaste. Ons moet hierdie oortuiging bewys!

As ons Galasiërs 5:22 lees, sien ons dat daar ’n taamlike lang lys van geestesgawes genoem word wat ons het omdat die Heilige Gees in ons werk.

- Dit is belangrik dat die heel eerste vrug wat genoem word as gevolg van die werking van die Heilige Gees, juis die liefde is.
- Dit beteken dat die liefde in jou aan ander mense ten toon stel wat die lewe en die verlossing in Christus vir jou beteken.
- Anders gestel: wat dit is om in die Heilige Gees te wees.

Die liefde is baie meer as wat ons normaalweg daarvan maak – of dalk selfs as wat ons besef!

- Die liefde maak ons byvoorbeeld vry van sonde.
- Daar staan in Galasiërs 5:13 geskryf dat ons deur die liefde tot vryheid geroep is – maar ons mag nie hierdie vryheid gebruik om verkeerde dinge te doen nie.

Hierdie woorde is net so swaar gelaai, want dit beteken dat ons nie meer onder die verpligting van die wet staan nie.

- Ons hoef nie meer die wet te onderhou as voorvereiste vir ons saligheid nie.
- Die liefde van die Here Jesus Christus het my van hierdie deel van die wet en sy verpligtinge verlos.
- Maar juis daarom is die eis ook dat ons hierdie liefde wat uitgaan van die Here af na ons toe, verder moet uitlewe – teenoor Hom en teenoor ons naaste.

Mens moet natuurlik altyd versigtig wees dat hierdie vryheid in Christus mens nie in die verkeerde dinge inlei soos wat dit die geval was met die heidene wat saam met die Nuwe-Testamentiese Christene gelewe het nie.

- Hulle het net liggaamlike liefde geken. Hulle het hulleself geskend met al die liggaamlike sondes wat hulle gedoen het.

- Dink maar aan liggaamlike sondes waarteen die Bybel vermaan, soos hoerery en owerspel, en dronkenskap en brassery.

Hoe moet 'n Christen dan liefde beoefen? Vers 13 maak dit baie duidelik dat die belangrikste element van liefde diens is.

- Jy *moet* diens lewer, *wil* diens lewer, en *kan* diens lewer.
- Soek deur liefdesdiens dit wat die heel beste is vir jou naaste.

Baie eenvoudig gestel beteken dit dat ons nou al in ons lewe die soort van liefde moet uitlewe wat ons eendag in die hiernamaals sal beoefen. Ons moet die soort liefde weerspieël wat God in Jesus Christus en ook deur die werking van sy Heilige Gees aan ons openbaar, en vir ons het.

Kyk net op watter manier het die Drie-Enige God ons lief:

- Die Vader wil nie hê dat ons na die sondeval sommer net so hel toe gaan nie.
- Hy bly ons liefhê en besluit as gevolg daar om ons te verlos.
- Dis mos ook waarom die Bybel leer dat God ons eerste liefgehad het.

Daar is ook Jesus Christus se liefde vir ons.

- Hy gaan sterf nie met 'n onbepaalde visie op verlossing wat deur die kruis kom nie.
- Hy sterf bepaaldelik vir dié wat Hy uitverkies het en wat sy liefde beantwoord.

Dieselfde geld van die Heilige Gees. As ons deur die Dordtse Leerreëls lees, sien ons dat telkens verwys word daarna dat die Heilige Gees nie in almal geloof en bekering bewerk nie.

- Nie omdat Hy nie kan nie – omdat Hy nie wil nie.
- Die Bybel leer dat dit nie aan almal gegee is om te glo nie.

Maar deel van die redding wat ons deur Christus kry, en wat ook deur die Heilige Gees bewerk word, is die liefde.

- Daarom moet ons God liefhê met ons hele verstand en met al ons kragte.
- En daarom staan daar ook dat iemand wat God liefhet, deur God geken word.

Natuurlik is die eis altyd net dat ons hierdie liefde moet verder dra. 2 Tessalonisense 3:5 sê dan ook:

Mag die Here julle harte rig tot die liefde van God en die lydsaamheid van Jesus Christus. (2 Tessalonisense 3:5 AFR53)

Hier word met liefde bedoel die heiliging waarmee die gemeente homself vir God gee. Dit sluit hier ook die meedoen met die erediens in.

Kolossense 3:14 leer dat die gemeente hom moet beklee met die liefde wat die band van volmaaktheid is.

- Ons moet dus die liefde aantrek soos wat ons klere aantrek.
- Dit is dus baie duidelik dat die liefde die eenheid in die gemeente moet vorm.

Ons moet ons dus ook as gemeente aan hierdie beginsel toets.

- Is dit werklik so dat ons elke keer wat daar skaafplekke was, van ons kant af alles gedoen het wat moontlik was om dit uit te skakel? Of het ons net na onself gekyk?
- Is dit moontlik dat ons in ons liefdesbetoon bedagsaam genoeg op ander mense se swakhede kan wees?

Dis nie onsinnig om sulke vrae te vra nie, want hierdie laaste Bybelgedeelte leer dat ons in ons liefdesbeoefening volmaak moet wees.

- Ons kan dit waarskynlik nie bereik in hierdie lewe nie, maar niks mag ons keer om te probeer nie!
- Niks keer ons ook om, met hierdie beginsel in gedagte, te dink aan wat die Here my moet vergewe voordat ek my vir ander mense vererg nie.

Mens moet nie onnodig dwars wees nie, want dis nie die liefdesbeginsel nie.

- Dwarstrekker het altyd iets van eiewaan – die sonde van die duiwel – en ook iets van hatigheid in hom.
- Daar is tye wanneer mens van ander mense moet verskil, maar dan moet dit tot die eer van die Here wees.

Die Here gee hier 'n lys van genadegawes.

- Selfs die mees uitnemende genadegawes kan nie naby die gawe van liefhê kom nie.
- Kyk maar wat word alles genoem: die spreek van tale of die vermoë om te kan profeteer, wat tog 'n insig is in die geheimenisse van die Here self, of ook nie eers kennis of geloof wat so groot is dat dit 'n berg kan verskuif, vergelyk met die besit van die liefde nie.

Jy kan alle ander genadegawes hê, maar sonder die liefde bly jy 'n stuk yster wat raas as daarteen geklink word ... 'n simbaal wat raas as dit geslaan word ... niks ...

Dis ook waarom die Bybel leer dat alle ander gawes sal verbygaan, maar die liefde sal nie verbygaan nie.

- Op die nuwe aarde sal daar geen tale of profesieë wees nie, en dan is al die geheimenisse vervul,
- maar daar sal steeds liefde wees – volmaakte liefde tussen God en ons en tussen mens en medemens.

Die liefde bied ons 'n baie mooi uitsig op die laaste tyd.

- Die liefde van die Here sal ons dra, as ons glo en bid.
- Die liefde van die Here sal ons ook weer opwek en die liefde van die Here sal ons deur sy oordele dra.
- Die liefde van God belof aan ons 'n nuwe aarde wat sonder sonde sal wees en waarop alles volmaak sal wees.

Ons liefde moet dan hierdie liefde van God weerspieël en ook gerig wees op die vervulling daarvan.

- Ons word aangesê om lankmoedig te wees en vol genade, soos die Here.
- Ons moet ook nie jaloers wees nie en ook nie ons eiebelang soek of bevorder nie.
- Daarom mag ons ook nooit teen God of enige mens verbitter word nie, want die liefde van God het nie plek vir al hierdie dinge nie.

Ons liefde moet God se liefde ook daarin volg dat dit aan alle mense bekend moet word (Filippense 4:5).

- Ons liefde moet dus so openlik en eerlik beoefen word, dat dit bekendheid verwerf.

Maar ons moet net onthou dat liefde nie sommer vanself kom nie.

- Liefde moet ge oefen word om aan die lewe te bly en om sterker te word.
- Hierin help die Heilige Gees ons, maar ons moet baie energie aanwend om ons liefde vir God en ons medemens te laat groei.

Onthou net, as God ons so liefgehad het dat Hy sy Seun uit die hemel uit vir ons gestuur het, moet ons in hierdie liefde volg.

- Omdat die Here Jesus Christus ons so liefgehad het dat Hy vir ons gesterf het, moet ons baie meer geduld, verdraagsaamheid en opoffering teenoor ons medemens aan die dag lê.
- As ons dit koppel aan die opregtheid wat die Heilige Gees in ons bewerk, sal ons verhouding met God ook hierby baat.

Kom ons soek hierdie liefde, en beoefen dit dan volgens God se standaarde.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 73:10 (p. 369)

10 Nogtans sal 'k altyd by U bly; / niks sal my van u liefde skei –
U wat my regterhand gevat het, / vir wie 'k van harte liefgehad het.
U sal my voortlei deur u raad, / O God, my Hulp, my Toeverlaat,
en na die dag van aardse stryd, / my opneem in u heerlikheid.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Hulpdienspredikant
Gereformeerde Kerk Clanwilliam
Datum: 14 Julie 2013